

14 November

Sagmoedigheid is om met jou oor op die Woord en jou knieë op die grond te leef

Skrifgedeelte: Jakobus 1:19-27

Fokusgedeelte: Jakobus 1:21

Hoe keer jy dat jou sondige ek oopbars teenoor ander? Wat is jou wapen vir die woede teenoor ander? Daardie woede laat die vuilheid en die boosheid wat teen jou sin in jou oor is, oorkook. Dit is die geneigdheid (vuilheid) om in die slaggat van die sonde te val en om die verkeerde gesindheid (boosheid) van opstand teen God en jou naaste te voed. Dit is jou lewensbedreiging.

Jy wat 'n nuwe mens met 'n nuwe hart is, het vergewing en versoening in Jesus se bloed ontvang. Daardie wonder vra van jou vernuwing en heiliging. Dit vra verskriklike harde werk. Dit vra om die ingeplante woord met sagmoedigheid te ontvang.

Hoe kan dit? Die Woord het deur die werk van die Heilige Gees die kragtige werking om met die een wat sagmoedig hoor, een te word en saam te groei. 'n Sagmoedige hoorder is 'n mens wat heeltemal aan God onderwerp is en wat met 'n begrypende houding teenoor jou naaste lewe. Daarom: luister wat wil God hê en doen dit wat jou naaste ondersteun. Wees 'n slaaf van God en jou naaste

Psalm 32:4 (Totius)

Ds. Vasie de Kock (Potchefstroom-Suid)